e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

23 Februarie 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 4

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Saam op pad na 'n oplossing

Maar ons wil medewerkers wees om julle geluk te bevorder **(2 Korintiërs 1: 24)**

Op basis van die besluit van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (AKV) in 2011 en in opdrag van die Kommissie van die AKV, het die Bemiddelingskomitee en die Komitee van *steedsHervormers* ontmoet op Vrydag 10 Februarie 2012. Uit die gesprekvoering het bepaalde welwillendheid en opregte bedoelings gelei tot positiewe vordering en die volgende stap wat nou noodwendig moet volg.

Die Bemiddelingskomitee hoor nie sy taak vanuit die manier waarop die wêreld hom tuis sal voel, in 'n konfronterende *ons-julle-benadering* nie. In die Christelike gemeente en getrou aan die saak van die Koninkryk van Christus is daar 'n ander soort geregtigheid, vrede en vreugde (vgl Rom 14: 17). Hierdie ander soort benadering spreek van 'n konsekwente *ons-benadering*, waarin volledig *vir mekaar* gekies word en *saam* gesoek word na oplossings wat vir elkeen en vir die *hele* Kerk goed sal wees. 'n *Ons-benadering* werk met mekaar saam. 'n *Ons-benadering* bely saam die een geloof van die Kerk deur die eeue. In 'n *ons-benadering*, as deel van die Christelike gemeente en trou aan die Koninkryk van Christus, sê ons vir mekaar in die woorde van 2 Korintiërs 1: 24 – ons wil *medewerkers* wees *om julle geluk te bevorder*!

Wanneer die Here Jesus teenwoordig is in die gemeente, vind ons onsself biddend in sy Naam, word ons sy navolgelinge. En dan vind ons mekaar, dan vind ons ruimte vir mekaar, respekteer ons mekaar se verskillende standpunte en diversiteit, wil die een die ander nie skade aandoen nie, plaas ons onsself in die posisie van die ander (vgl Matt 7: 12), vind ons deur verskillende oortuigings (*diversiteit*) 'n verruiming van insig en word konsensus daaruit moontlik. Uit konsensus en *saamstem* (Matt 18:19), volg daar 'n ons-gesindheid, en dan is daar nie meer plek vir 'n ons-teenoor-julle-gesindheid nie. Die ons-teenoor-julle-gesindheid is die wêreld se manier en die ideologiese manier, en dit bring agterdog, stryd en onregverdigheid van die een teenoor die ander. Die basiese Christelike reël (Matt 7: 12 en 22: 39, 40) figureer nie in 'n eiegeregtige veroordelende ons-teenoor-julle-houding nie, en daarom is daar nie daarvoor plek in kerk en belydenis nie.

Daar is net een pad om te volg, vir *ons*, een en elkeen: om, slegs op 'n positiewe wyse, deel te wees van oplossings! Die volgende stap van die Bemiddelingskomitee en die Komitee van *steedsHervormers* is nou om spoedig saam om die tafel die woorde te vind wat sal rigting gee aan die verlangde ruimte van selfwees, as aanvaarbaar vir sowel die *diversiteit* as die *eenheid* van die Hervormde Kerk. Mag die Heer *ons almal* daarin lei! Dit is ons gebed. Mag u almal vry voel om ons daarin te help en te ondersteun.

Dr Kobus Labuschagne
Voorsitter: Bemiddelingskomitee

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Anneline Geyer-Matthysen

Ds Marius Kramer

Beroep ontvang

- **Ds Anneline Geyer-Matthysen** van Kempton Park-Oos (deelsorg) na Kempton Park-Oos (volsorg)

Beroep aanvaar

- **Ds Marius Kramer** van Rustenburg-Suid na Kampersrus

Beroep bedank

Ds Petrus Harmzen

- **Ds Petrus Harmzen** van Gerdau/Hartbeesfontein (deeltyds) na Vaalharts (voltyds)

Vakante standplaas

- **Gemeente Trichardtsfontein** is in die proses om 'n **volsorgpredikant** te beroep nadat die vorige predikant, ds Jan Rossouw, emeritaat aanvaar het. Predikante wat belangstel in 'n moontlike beroep daarheen, moet **voor of op 2 Maart 2012** hul name per e-pos stuur na **nhktrichardt@vodamail.co.za**. Hulle sal dan 'n bedieningsdokument ontvang met al die nodige inligting en wat voltooi en teruggestuur moet word voor of op 7 Maart 2012. Kontak die skriba, Gert Helberg, by 082 493 4552. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- **Ds Nico en mev Henriëtta Brayshaw** se seun sterk in Windhoek aan na 'n operasie om die omvang van sy kolonkanker te bepaal en 'n gewas te verwyder. Ds en mev Brayshaw het verlede Saterdag Windhoek toe vertrek om hul kinders te ondersteun. Onder omstandighede gaan dit goed, en ons bid dat hy volkome sal herstel.

- Op 12 Januarie het ons berig dat die 85-jarige **tannie Hettie Seymore**, **Gemeente Coligny se kassiere**, baie siek is na 'n beroerteaanval. Dit gaan nou goed met haar, sy stap al rond, kan praat en is vinnig besig om, deur die Heer se genade en die gebede van almal wat haar ken, te herstel. Baie dankie aan die personeel van Najaarsrus-oord vir hul onbaatsugtige diens, vriendelikheid en harde werk. Dankie aan tannie Hettie vir 47 jaar se harde werk in die Kerk en die gemeente.

Ds Hannelie Botha

- **Ds Hannelie Botha**, orrelis en skriba vir registrasie van Gemeente Worcester en NHSV streekverteenwoordiger vir die Wes-Kaap, is aangestel as redakteur van *Die Christelike Vrou*. Sy sal vanaf die Mei 2012-uitgawe van *Konteks* vir die vroueblad verantwoordelik wees. Sy neem oor van mev Magda van Deventer, wat sedert Oktober 2002 die redakteur was. Ds Botha is op die oomblik beroepafwagtend.

- Op Woensdag 15 Februarie is die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** amptelik geopen met prediking deur **dr Christo van der Merwe**, nuwe hoof van die HTK. Daar is ook afskeid geneem van **prof Theuns Dreyer** wat van 2000 tot

Prof Johan Buitendag, Doret Müller en Cobus van Nieuwenhuizen

Prof Andries Breytenbach

SP Engelbrecht-museum

2011 die hoof van die HTK was. By die geleentheid is kopieë van die feesbundel van die *HTS Teologiese Studies* wat aan prof Dreyer opgedra is, aan hom en van sy kollegas, vriende en familie oorhandig. Die openingsrede is gelewer deur **prof Yolanda Dreyer**, wat in 'n voordrag oor *Praktykvorming van teologiese studente vandag* 'n oorsig gegee het oor prof Theuns Dreyer se groot bydrae in hierdie verband. **Prof Johan Buitendag** het twee pryse vir akademiese prestasie oorhandig: die prys vir die beste prestasie in Ou Testament is verwerf deur **Cobus van Nieuwenhuizen**, wat ook die prys vir die beste prestasie in Praktiese Teologie deel met **Doret Müller**.

- **Prof Andries Breytenbach**, brontaalkenner en projekleier, het saam met twee ander vertalers, past David Mahlangu en eerw Peter Mabena, voltyds gewerk aan die vertaling van die Bybel in **isiNdebele**. Die volledige Bybelvertaling is nou gefinaliseer en die manuskrip is aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika oorhandig. IsiNdebele is tans die enigste amptelike taal waarin daar nie 'n Bybel beskikbaar is nie. 'n Span by die Bybelgenootskap het onmiddellik begin met die voorpublikasiewerk wat onder andere bladuitleg, proeflees en die druk van die teks insluit. Die proses sal ongeveer nege maande neem en daar word hard gewerk om voor Kersfees 2012 vir Ndebelesprekers die Bybel in hul moedertaal beskikbaar te stel.

- Die **SENTIK-boekwinkel** sal op **Donderdag 1 en Vrydag 2 Maart gesluit wees** vir voorraadopname. Gemeentes moet asseblief kennis neem dat geen besoekers gehelp en geen telefoniese of ander navrae dan beantwoord sal kan word nie. U kan mev Susann van Zyl weer vanaf Maandag 5 Maart kontak by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**.

- Gemeentes word vriendelik uitgenooi om met hul **kategeseklasse** besoek af te lê by die **SP Engelbrecht-museum**. Dit is geleë in die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria te Du Toitstraat 169, Pretoria. Maak asseblief vooraf 'n afspraak met mev Ansie Joubert, by 012 321 7580 of 084 920 8723.

- Die Kerk se **finansiële jaar sluit op 29 Februarie** en gemeentes word vriendelik versoek om alle trustgelde vir Bybelverspreiding, in die besonder die erediensoffergawes van Hervormingsondag (30 Oktober 2011), voor hierdie datum aan die **Bybelgenootskap** oor te betaal indien dit nie reeds gedoen is nie. Aangesien daar op 1 November 2011 'n herindeling van die Hervormde Kerk se twee streke by die Bybelgenootskap plaasgevind het, moet die bydraes van **alle gemeentes in die RSA** voortaan by die Kempton Park Administratiewe Sentrum van die Bybelgenootskap inbetaal word. Bydraes moet verkieslik elektronies oorbetaal word.

  Die bankbesonderhede is soos volg:
  Bybelgenootskap van SA
  ABSA Kempton Park
  Takkode: 632005
  Rekeningnommer: 260 220 748
  Gemeentes moet asseblief hul **donateursnommer** as verwysing gebruik wanneer oorbetalings gemaak word. Indien oorbetalings nie direk in die bankrekening van die Bybelgenootskap gedoen kan word nie, kan dit gepos word na Posbus 2002, Kempton Park 1620. Drr Kálmán Papp of Stephan Hoffman kan by 011 970 4010 geskakel word indien daar enige navrae is.

- **Gemeente Eendracht** word **100 jaar oud op 20 April 2017**. Vanjaar is dit hul 95-jaar-vieringe. Hulle vra dat lidmate en ampsdraers hulle moet voorsien van foto's en/of inligting, veral oor die jare voor 1970, vir opname in die feesbundel wat met die 100-jaar-vieringe uitgegee sal word. Predikante soos ds MJ Goddefroy, ds J van Belkum, ds Van Warmelo, ds JJ Prinsloo asook prof Muller was op verskillende maniere betrokke by die beginjare van Eendracht. Dit sal veral gepas wees om

rondom die vroeë jare van die gemeente se ontstaan inligting en foto's te kry. Kontak ds Werner Olivier by **werner.olivier69@gmail.com**, 082 412 7144 of 017 683 0067.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **GEMEENTE KAAPSTAD**. Op **Sondag 26 Februarie** om 09:00 sal **dr Gijsbert Bos** die Nederlandse erediens lei in die Tygerbergkompleks te ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord. Dr Gijsbert en sy vrou Jeanne is tans op besoek aan Suid-Afrika.

  Ook op **Sondag 26 Februarie** is **ds Geo de Kok** van Feba Radio aan die woord te Robbenweg, Melkbosstrand.

  Sondag 11 Maart om 09:00 vier die gemeente die 50-jarige ampsjubileum van **prof Eddie Engelbrecht**. Die dankseggingsdiens sal gelei word deur die plaaslike predikant, ds Kathleen Smith. Oudl Frits Smit sal die diens namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) bywoon.

  Navrae oor die dienste van Gemeente Kaapstad kan gerig word aan ds Kathleen Smith by **kathleen@adept.co.za**.

- **Gemeente Bergsig: Paassangdiens**
  Sondag 25 Maart om 19:00
  Sanger Jan de Wet tree op tydens die erediens
  Navrae aan Marie de Wet by 082 402 4170
  of **bergsignhk@gmail.com**

Zorada Temmingh

- **ORREL EXTRAVAGANZA 2012**
  Op splinternuwe RODGERS-orrel vanuit die VSA
  Met bekende konsertorreliste: **Zorada Temmingh** & **dr Theo van Wyk**
  Liam O'Flaherty (doedelsak), Ilze Coetzee (koloratuursopraan)
  Alexander Urban (trompet), Highland Cathedral (Korb/Roewer)
  Toccatas deur Bach & Widor asook treffers vir trompet en sopraan
  Hierdie spogkonsert vind plaas by die Brooklyn Teater in Menlopark, Pretoria
  Sondag 26 Februarie 15:00
  Woensdag 29 Februarie 20:00
  Vrydag 2 Maart 20:00
  Besprekings by 012 460 6033
  www.brooklyntheatre.co.za

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 2 Maart, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 23 Februarie: Dr Estelle Dannhauser (Springs) en prof Wouter van Wyk (emeritus)
  - Vrydag 24 Februarie: Ds Jan Prinsloo (emeritus) en dr André Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin)
  - Saterdag 25 Februarie: Ds Hennie Aucamp (emeritus)

- Sondag 26 Februarie: Dr Jonanda Groenewald (buiteland) en ds Monja-Lize van Belkum (beroepafwagtend)
- Dinsdag 28 Februarie: Di Anneline Geyer-Matthysen (Kempton Park-Oos) en Herman Meyer (Jeffreysbaai)
- Donderdag 1 Maart: Di Yolandé Benadé (Westonaria) en Chantel Francis (beroepafwagtend)
- Vrydag 2 Maart: Di Johan Delport (Wapadrant) en Etienne Fourie (Kempten)

Beplande vergaderings

- Vrydag 24 Februarie: Raad van Finansies
- Dinsdag 28 Februarie: Die Ondersteuningsraad
- Woensdag 29 Februarie: Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)

Beskikbare behuising

- **Huis Tafelberger.** Nuutopgeknapte kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuise van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301, of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Konserte en feeste

- **Sondag 4 Maart om 11:00: Jubileumkonsert**
  Orrelkonsert om Pieter van den Berg se 10de jaar as orrelis te vier
  Hervormde Kerk Pretoria-Oos (hv Dely- en Matroosbergweg)
  Toegang gratis
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 460 8441
  of aan Pieter by 072 041 3954

Kampe en wegbreke

- **Gemeente Lydenburg: Huweliksverrykingseminaar**
  2 tot 4 Maart
  By Floreat Riverside Lodge in Sabie
  Ds Thinus van Staden van Gemeente Montana is fasiliteerder
  (Thinus is besig met PhD in Gesinsbediening
  en is 'n Imago-verhoudingsterapie-fasiliteerder)
  Koste R2 200 per paar (sluit 3-ster-verblyf op oewer van Sabierivier in)
  Kontak ds Willie Botha by 082 786 3458 of **wbot@absamail.co.za**
  of Liesie by 013 235 3554, of **nhglydenburg@xsinet.co.za**

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
  9 tot 11 Maart
  By Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
  Spreker ds Janine Bevolo-Manders
  R500 per persoon
  Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
  of **janapeenze@vodamail.co.za**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Bergsig: Kaas-en-wyn-funksie en Kunsuitstalling**
  Saterdag 25 Februarie 16:00 tot 20:00
  R30 per persoon

In kerksaal hv Karel Trichardtlaan en Leonidestraat, Mountain View
Navrae aan Marie de Wet by 082 402 4170
of **bergsignhk@gmail.com**

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville: Klap-'n-Tekkie**
  Saterdag 10 Maart
  1, 5 en 10 km pretloop by Fonteinedal Pretoria
  R25 inskrywingsfooi vooraf, maar R30 op die dag
  Vir inskrywings en navrae kontak Elma by 082 954 7955
  (**ruelma@vodamail.co.za**) of Elna by 083 443 9373
  of besoek **www.klapntekkie.co.za**

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Kaartjies R50
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Wen een van 3 groot pryse
  Geborg deur FNB Tzaneen,
  AMC Classic se plaaslike agent, Ria Lourens (083 727 3951),
  VW Lannie Motors Tzaneen,
  en skenkings van lidmate en weldoeners
  Pryse vir jagters, kokke én tekno's!
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: Ipad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

Basaars en markte

- **Vrydag 24 en Saterdag 25 Februarie: Gemeente Bronkhorstspruit: Basaar**
  Vrydagaand: Braairestaurant vanaf 17:30
  Saterdagoggend: Basaar vanaf 08:00
  Al die spesiale basaarlekkernye
  asook vars produkte, vleis, gebak en meer
  Almal welkom
  Navrae aan **nhbhs@telkomsa.net**

- **Saterdag 25 Februarie: Gemeente Leeudoringstad: NHSV Pienkbasaar**
  Vanaf 09:00 op gemeenteterrein
  Tema: *Sand en see*
  Seremoniemeester Gretha Pers (pers heks van die ATKV)
  Kosstalletjies met lekkernye vir die vrouens
  Tuisgemaakte geskenke
  Uitstallers met juwele, kinderklere en ander kinder- en bababenodighede
  Babakompetisie 0 tot 24 maande, dooprokuitstalling
  Veiling van koeke vir kinders
  Vermaak vir kinders
  Manne welkom!
  Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883

- **Vrydag 2 Maart: Gemeente Kaapstad: Jaarlikse Somerkosfees**
  Te Tygerberg
  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264 of **kathleen@adept.co.za**

- **Saterdag 3 Maart vanaf 09:00: Gemeente Bellville**
  Uitstalling van WP-veteraan-trekker-en-enjinklub
  Kom eet en drink iets lekker, kom kyk na ou trekkers en motors,
  kom kyk na ou versamelings, bring jou gesin en vriende
  en geniet 'n lekker outydse uitstappie

Toegang R10 per persoon, voorskool gratis
Kontak Hettie (083 785 1294) of Gert (083 761 4320)

- **Woensdag 18, Donderdag 19 en Vrydag 20 April: Gemeente Vryburg**
  Gemeente beman ’n skoustalletjie
  Benodig 120 sakkies aartappels en 40 sakkies uie
  Is daar ’n groenteboer wat kan help?
  Asseblief teen ’n goeie prys of dalk as skenking
  Kontak ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555 of 053 927 1379
  of **jpcvdw@lantic.net**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Vaalharts-kontreifees
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km
  Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
  Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees
  1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
  3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  4de prys: Naweek vir ’n gesin op ’n wildplaas – selfsorg
  Wildplaas in Hartswater-omgewing
  Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
  Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
  Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar
  1ste prys: R10 000 kontant
  2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
  Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of ’n slagskaap
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
  of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

ANDER NUUS

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir gekwalifiseerde Maatskaplike Werkers by:
  - Brakpan
  - Krugersdorp

- Potchefstroom
- Vanderbijlpark.

By die Pretoriakantoor is ’n pos vir ’n Afrikaanssprekende, gekwalifiseerde Hulp-maatskaplike-werker wat oor ’n geldige rybewys beskik.

Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **BYBELGENOOTSKAP**
  - **Gholfdag in Wes-Kaap Donderdag 8 Maart**
    Parow Gholfklub
    Ten bate van Bybelverspreiding
    Enkel puntespel
    Borgskappe welkom
    Kontak Mike Taylor by 021 910 8777 of 083 448 2138
    of stuur e-pos na **taylor@biblesociety.co.za**

- **ADVERTENSIES waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**.

  Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies; ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287; Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

AGTERBLAD

So glo ons

’n Nuwe publikasie, *So glo ons*, met die Reformatoriese belydenisskrifte en die ekumeniese simbole, verskyn binne die volgende weke by SENTIK.

Die Kerk se nuwe Diensboek het in 2008 na afloop van die 68ste AKV verskyn. Dit het wel die drie ekumeniese simbole (die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius) bevat, maar nie die drie formuliere van eenheid (die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) nie.

Versoeke van ampsdraers en gemeentes het gelei tot die herdruk van die Kerk se belydenisskrifte. Volledigheidshalwe bevat *So glo ons* al bogenoemde belydenisse.

*** Bestel solank *So glo ons* teen **R50** (posgeld uitgesluit) van mev Susann van Zyl van SENTIK se boekwinkel. Kontak mev Van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos **sentik@nhk.co.za**.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx